**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 3 0 2 | 8 1 0 8 1 4 2 2 6 | 329 | 1764 |

81 8. 14

DIE VOLKSBLAD Jg. 77 Nr. P. 14 Dat.

# Teenvoeter teen terreur

MET enkele uitsonderings het die ANC se terreuraanslae in Suid-Afrika tot dusver taamlik skeef verloop. Lompheid het van die terroriste se skouspelagtigste pogings tot relatiewe mislukkings gedoem en waar daar menslike slagoffers was, was dit nog meestal onskuldige swartmense. Daarby het min van die geweldenaars aan die land se gedugte veiligheidsnetwerk ontsnap en talle moes met hul lewens boet of sit in die tronk.

Tog is daar min rede tot genoegdoening. Aanslae soos dié op Voortrekkerhoogte wat boonop 'n splinternuwe element in die terreurstryd ingedra het, is elke keer 'n versoberende aanmaning van wat die toekoms vir alle Suid-Afrikaners kan inhou as die bose magte hul sin moet kry.

Dit is al telkemale gesê, maar dit kan nooit genoeg gesê word nie dat waaksaamheid, verskerpte veiligheidsmaatreëls en 'n doeltreffende polisiemag net 'n deel van die antwoord is. Die ander deel lê op die selfs nog moeiliker terrein van 'n regverdige bestel en goeie menseverhoudinge.

Die dissipels van geweld sal, soos die armes van gees, seker altyd met ons wees. Maar hoe meer mense teen die soort geweldspolitiek gemonster kan word, des te moeiliker gaan hulle dit kry om hul duiwelswerk te laat slaag. Dit is waaraan ons onvermoeid sal moet bly arbei.

**TREFWOORDE**

1 Redaksioneel

2 Stedelike Terrorisme

3 ANC

4 Voortrekker-hoogte

5 Vuurpyle

6 Aanvalle

7 Geweldpleging

8

9

10